

FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL

Instelling van die nagmaal 1 Kor 11: 23-26	<p>Geliefdes in die Here Jesus Christus</p> <p>Die Here het self die nagmaal ingestel. Daarvan getuig Paulus: "Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: `Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.'</p> <p>"Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: `Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.'</p> <p>"Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."</p>
Die wese van die nagmaal	<p>Die nagmaal is in sy wese 'n verbondsmaaltyd, waar die verbinding tussen Christus en sy gemeente telkens vernuut word. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenis:</p>
Luk 22:19	<p>Die nagmaal is in die <i>eerste plek</i> 'n gedagtenismaaltyd. Die Here het by die instelling van die nagmaal gesê: "Gebruik dit tot my gedagtenis." In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here. By die aanskouing van brood en wyn roep die gemeente hom die hele lydensweg van Jesus Christus voor die gees: hoe Hy sy lewe gegee het; hoe Hy soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het; hoe Hy die lydensbeker gedrink het; hoe Hy van God verlate was en uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" (Mark 15:34), sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie.</p>
Matt 26: 26, 28	<p>Die nagmaal is in die <i>tweede plek</i> 'n waarborg. Daarom sê Hy: "Dit is my liggaam" en "Dit is my bloed". So seker as vir elkeen hierdie brood voor sy oë gebreek word, en hierdie beker aan hom gegee word en ons dit met die mond eet en drink, so seker het ons deel aan Christus, aan sy sterwe en opstanding. Hierdeur waarborg Hy sy soenverdienste vir ons so volledig asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan en ons geregtigheid voor God verwerf het. Die sekerheid wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here; dit is in die Here self gevestig.</p>
1 Kor 10:17	<p>Die nagmaal is in die <i>derde plek</i> die viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar. Die nagmaal verbind ons nie net met sy dood nie, maar help ons om in die gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teenwoordig. Verder word ons deur dieselfde Gees ook weer met mekaar as lidmate van een liggaam, in broederlike liefde saam .verbind, soos die apostel sê: "Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die brood."</p>

1 Kor 15:18 Die nagmaal is in die *vierde plek* 'n verkondiging van ons toekomsverwagting. Ons het in die nagmaal die versekering dat die Here een met ons is. Tog kyk die gemeente hiermee ook vooruit na sy wederkoms, en verkondig daarmee die dood van die Here totdat Hy kom. Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Christus in heerlijkheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy die hemel en die aarde nuut sal maak sodat geregtigheid daarin kan woon - en "God alles ... vir alles" kan wees. In die nagmaal verlang die bruid van Christus na die bruilofsmaaltyd van die Lam.

Die nagmaal is in die *vyfde plek* 'n vreugdefees. Al spreek die tekens van die lyding en sterwe van Jesus Christus van sy kruis, sy bloed wat vergiet is en sy liggaam wat gebreek is, staan die nagmaalsviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Hoewel die gemeente die nagmaal met gewyde erns vier, is dit tog 'n vreugdefees, waar die Heiland op 'n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding uitdeel. In die nagmaalsfees mag die gemeente nou van die vreugde smaak wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam.

Uit dit alles blyk duidelik dat die nagmaal *ten slotte* 'n fees van dankbaarheid is. Die Heilige Gees verseker ons deur die tekens van brood en wyn van die heil wat ons in Christus deelagtig is.

Op 5: 9, 10 Hier by die nagmaal, by die gebruik van die tekens dank ons Hom met ons hele wese en gaan ons nou in dankbaarheid ons lewe opnuut aan Hom wy. In dankbaarheid juig ons saam met die triomferende kerk van alle oorde en alle tye: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer."

Die boodskap van die nagmaal Die nagmaal is dus 'n uitnodiging om ons aandeel aan die volle verlossing in Christus feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word; dit is 'n geleentheid om deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die lewende Here en met mekaar te verdiep en so versterk te word in ons geloof, in ons getuienis en in ons toekomsverwagting.

Die verpligting van die nagmaal 1 Kor 11:27-29 Om nou die volle seën van die nagmaal te kan ontvang, is dit nodig dat elkeen hom in die teenwoordigheid van die Here "ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink" sodat hy nie "'n oordeel oor homself" bring nie. Ons word verplig om opnuut na te dink oor al ons sondes. Daar is sondes waar ons met gedagtes, met woorde of met dade oortree het. Daar is ook sondes van versuim, waar ons nagelaat het om die opdragte van die Here uit te voer. Laat ons ons hieroor opreg voor God verootmoedig. Laat ons dan vas glo dat ons oortredinge vergewe is op grond van die verdienste van die Here Jesus Christus. En laat ons ernstig daarna strew om met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde teenoor Hom en ons medemens te lewe.

Mag die almagtige barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus deur sy Gees ons daartoe help.

(Voordat aangesit word aan die tafel kan die gemeente 'n gepaste lied sing.)

Waar ons nou gehoor het wat die nagmaal is en waar ons nou aansit aan die tafel, laat ons ons geloof hardop bely:

12 Artikels Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

Gebed

(Die volgende gebed kan ook met 'n vrye gebed vervang word, met of sonder die Ons Vader.)

Barmhartige God en hemelse Vader

Ons dank U vir Jesus Christus wat met sy liggaam wat gekruisig en bloed wat vergiet is, ons tot die ewige lewe voed en versterk. Gee dat ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn vaskleef nie, maar gee dat ons nou ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons voorspraak aan u regterhand is. Gee dat deur die werking van u Heilige Gees ons geloof versterk word tot meerdere diens in u koninkryk en tot verheerliking van u Naam. Hoor ons as ons saam met die hele Christendom nou bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Uitdeling en
kommunie

Ná die uitnodiging breek die bedienaar die brood en sê:

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat sy liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

By die skink en uitdeling van die wyn, sê die bedienaar:

Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. Neem, drink, dink daaraan en glo dat sy kosbare bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

Lofverheffing

Ná die bediening sê die bedienaar:

Aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons harte soos volg saamstem:

Ps 103 :1-5;
8 – 13

"Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming

kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk."

"Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtigheid nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien."

Ps 138:1-3; 8 "Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot u eer dat ek sing. Ek wil na u heilige tempel toe buig en u Naam roem om u liefde en trou, want U het u Naam en u woord bo alles gestel. Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee."

"Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie."

of

Rom 8: 33-39 "Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

"Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.

"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."

of

Op 1: 5b-6 "Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen."

Dankgebed

('n Vry dankgebed waarin veral voorbidding gedoen word, kan nou of ná die volgende formuliergebed volg.)

Barmhartige God en Vader

Ons loof en prys U dat U uit genade u Seun aan ons geskenk het as Middelaar wat deur sy kruis en opstanding die straf op ons sonde gedra het en so vir ons voedsel en drank van die ewige lewe geword het.

Ons dank U dat U aan ons die geloof skenk waardeur ons in hierdie weldade kan deel. Ons dank U dat ons opnuut deur hierdie nagmaal in ons geloof versterk is. Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees die gedagtenis aan ons Here Jesus Christus en die verkondiging van sy dood totdat Hy kom, sal gebruik om ons daaglik te laat groei in die regte geloof en die innige gemeenskap met Christus. Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees u Goddelike doel met hierdie nagmaal sal bereik. Amen.